Pretoria- 4 Januarie 2015

Skriflesing: Mattheus 4:1-11; Lukas 22:31-34; Jakobus 1:1-18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 52a V/A 127**
Sing- Ps. 142:1,2,6; Ps. 138:4; Ps. 86:1,6

Mattheus 4:1-11

Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.
Mat 4:2 En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.
Mat 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.
Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.
Mat 4:5 Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan
Mat 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.
Mat 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.
Mat 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,
Mat 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.
Mat 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
Mat 4:11 Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Lukas 22:31-34

Luk 22:31 En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.
Luk 22:32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.
Luk 22:33 En hy het vir Hom gesê: Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan.
Luk 22:34 Maar Hy antwoord: Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vannag nie kraai voordat jy drie maal geloën het dat jy My ken nie.

Jakobus 1:1-18

Jas 1:1 Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!
Jas 1:2 Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,
Jas 1:3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.
Jas 1:4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.
Jas 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.
Jas 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
Jas 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—
Jas 1:8 so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.
Jas 1:9 Maar laat die broeder wat gering is, roem in sy hoogheid,
Jas 1:10 en die ryke in sy geringheid, want soos 'n blom van die gras sal hy verbygaan.

Jas 1:11 Want die son gaan op met sy hitte en laat die gras verdor, en sy blom val af, en die sierlikheid van sy gedaante vergaan; so sal die ryke ook in sy weë verwelk.
Jas 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.
Jas 1:13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.
Jas 1:14 Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.
Jas 1:15 Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.
Jas 1:16 Moenie dwaal nie, my geliefde broeders.
Jas 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
Jas 1:18 Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees.

Sondag 52
127 *Vraag*: Wat is die sesde bede?
Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal (f).
(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Skriflesing: Mattheus 4:1-11; Lukas 22:31-34; Jakobus 1:1-18
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 52a V/A 127**
Sing- Ps. 142:1,2,6; Ps. 138:4; Ps. 86:1,6

Broeder en suster- Ons lewe in ’n slagveld met doodsvyande by ons, rondom ons en dan ook nog die doodsvyand binnekant-ons. Die doodsvyand wat altyd weer by die kind van God wil kom is natuurlik die duiwel, hy hou nie op met sy aanvalle nie. Die doodsvyand rondom ons is die wêreld. Die god vyandige-wêreld wat God gedurig na die kroon wil steek. God se gesag wil ondermyn, God met die wêreld wil gelykstel, God se eer ontneem. Die derde doodsvyand is die een binnekant ons. Ons eie vlees. Die verraaier binne-in die vesting, hy bly in ons, ons eie vlees is ook ’n doodsvyand. Al drie hierdie vyande, die duiwel, die wêreld en my eie vlees is die Bose wat soos ’n mag teen God se kinders saamstaan. Dit was nog altyd so. In 2015 sal dit nie anders wees nie.

Die vorige keer het ons in die vyfde bede vir die Here gevra **om ons skulde vergewe.** Ons het gehoor dat sonde ons skuldig maak voor God, ons van God verwyder en dat daar afstand tussen God en ons gekom het deur hierdie sondeskuld. Om hierdie afstand te oorkom moes God ’n brug tussen Hom en ons ons inbou. Maar daar is nie net ***sondeskuld*** wat ons van God verwyder nie, gemeente, daar is ook ’n ***sondemag*** in ons lewens ter sprake. In die vyfde bede het dit vir ons

gegaan om die wegneming van ons sondeskuld, nóú in die sesde bede vra ons vir die Here om beskerming, om bewaring teen die sondemag.

Ons kan dit so sien dat in die vyfde bede het ons vir die Here gevra om alles wat tussen Hom en ons is weg te neem, sodat God en ons weer werklik bymekaar kan wees. Nou kom ons na God met die gebed van die belydenis en ons vra vir die Here dat, waar Hy en ons nou weer bymekaar is, Hy ons moet bewaar, sodat daar nie deur ons sonde iets tussen Hom en ons kan kom wat ons van mekaar sal skei nie. Die vreugde van skuldvergewing kan alleen behoue bly as God ons bewaar. Ons belydenis sê dat **ons is in onsself so swak is dat ons nie eers een oomblik sou kon staande bly nie.**

***

Die Here se dissipel, Petrus, wys vir ons op die duiwel se groot mag. In Lukas 22:31 is sy mag so groot dat Jesus vir Petrus sê dat op die sif van die lewe is Satan die een wat die sif in sy hande hou. Die duiwel skud die sif waarmee hy vurig begeer dat Petrus en die ander dissipels moes deurval. Daar staan – *Die duiwel het vurig begeer om julle soos koring te sif*....Die duiwel het soveel mag dat hy met alle geweld ’n lewe van ’n Job op die grootste sif gate kon plaas en die sif baie hardop allerhande maniere geskud het. So amper het Job deur die sif geval…..Jesus het vir Petrus presies voor die tyd gesê, wat op die lewens sif aangaan, nogtans het hy vir Jesus verloën. Hy het geval. Judas Iskariot het Jesus verraai. Hoe groot was sy val nie!.....

Al die voorbeelde wys vir ons op die duiwel sê, mag. Die geloof is die kragtigste instrument wat God vir ons gee om op die sif van die lewe te bly en vas te klou. Op die lewens sif kan ons selfs met die geloof as wapen in ons hand teen Satan stry en weerstand bied. Al word die lewens sif hoe rof, hoe hard, met alle geweld op en af, heen en weer geskud, dan sal ’n mens in wie God die geloof geskenk het nie deurval nie. Onthou ’n mens sal val, elke mens val maar rond op die sif van die lewe; die sif word dan deur die duiwel geskud, hoe kan ’n mens altyd regop bly staan.

Die geloof maak dat ons vir God vra om ons van die Bose te verlos. Ons erken voor God dat die duiwel wat nou só besig is om my lewe te skud, ek nie meer op die lewens sif staande kan bly nie. Ons vra vir God, keer die duiwel dat hy nie die lewens sif nog harder sal skud nie. Openbaring 12 word vir ons voorgehou oor watter geweldige mag die duiwel beskik. In eie krag kan ons hom nie

weerstaan nie. Hy is geweldig sterk en wreed. Petrus kon later deur eie ervaring in sy eerste brief vir ons sê……*die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en hy soek wie hy kan verslind.* Die duiwel is nie net geweldig sterk en wreed nie, hy is ook listig en skelm soos 'n slang (Op 12:9). Party keer storm die duiwel op 'n mens af met brute geweld soos 'n brullende leeu. Die Satan kan hom selfs as 'n engel van God voordoen (2 Kor. 11:14) en hy kom ongemerk na ons toe. Hy gebruik baie tegnieke, maar sy doel is altyd dieselfde. Hy wil die mens losruk van God, hy wil 'n breuk tussen God en mens veroorsaak.

Jesus se versoeking in die woestyn is 'n baie duidelike voorbeeld. Die duiwel gebruik die mens se eie vlees in sy diens, hy gebruik die wêreld in sy diens. By die eerste versoeking wil hy Jesus se vlees gebruik, die feit dat Jesus na veertig dae al baie honger moes gewees het. Hy stel voor Jesus maak die klippe brode, dan kan Jesus eet, maar selfs as Jesus dit doen, sal die hele mensdom hom mos aanhang en as Koning vereer. Sy kruis en lyde sal nie nodig wees nie. Hy wil vir Jesus dit laat klink of daar darem baie makliker maniere is om die mens na God te lei as deur die moeilike pad van lyde, sterwe en opstanding heen. As Jesus hier vasstaan, dan kom die tweede versoeking.

Die duiwel het met die tweede versoeking met die sensasionele, die aangrypende na Jesus toe gekom. Spring van God se tempel se dak af . . . maak 'n sagte landing . . . Die duiwel kom nie net met die sensasionele nie, hy kom selfs met God se Woord. 'n Teks uit die Bybel word gegryp en daarmee word probeer om Jesus te verlei. Die duiwel is met God se woord besig, die duiwel het sy eie Skrifhantering. . .

By die derde versoeking span die duiwel die hele wêreld saam. Die derde versoeking is die koninkryke van die wêreld aan Jesus gewys. Watter groot versoeking: Want hoe meer oënskynlike mag 'n mens van die wêreld kan kry, hoe meer tevrede sal die mens wees. Satan wil te kenne gee dat as die hele wêreld aan Christus behoort, Christus die wêreld so kan regeer dat alles en almal na God kan terugkeer en Hom kan dien en eer.

In al drie hierdie versoekinge is die vlees en die wêreld vir Satan goeie bondgenote. Die drie doodsvyande bymekaar! Satan! Die wêreld , my eie vlees. Die wêreld wat hou van die opspraakwekkende en die sensasionele dinge. Hoe meer ligsinnig die mensdom is, hoe beter die

wêreld. Hoe meer sondige vrolikheid hier in die vlees kan bestaan, hoe lekkerder. Mense is lankal alreeds meer liefhebbers van genot, as liefhebbers van God . . . as die genot net nog hoër hoogtes kan bereik. Die streel van liste moet tog ook ’n kans gegee word . . . !

***

Die wêreld met sy eie vlees is aan die gang. Openbaring sê dit vir ons. Die wêreld is nog altyd met sy anti-christelike propaganda besig, wat in ons tyd vir ons baie duidelik wys hoe die media nie net in diens van die duiwel kan staan nie.

Dan het die wêreld nie net anti-christelike propaganda via die media nie, hier is openlike anti-christelike vervolging. Die enkele mense wat die Seun van God eer as die enigste weg, die enigste waarheid en die enigste lewe, en naas Hom is daar geen ander Verlosser nie word bespotlik voorgestel. Daar word gespot, die kerk se belydenisskrifte word afgemaak, mense word uitgelag in ’n bejammerende houding, maar hoe kan ons dink dat God die enigste ware ewige God is?

Die duiwel kan ook met die wêreld en ons vlees saamspan in die anti-christelike verleiding. Kan ons nog verder hieroor praat van wat die perke van sedeloosheid is . . . sedeloosheid lyk geen perke te hê nie? ! Pornografie is al hoe meer toelaatbaar, dit gaan ook al hoe vêrder. Pornografie moet in Afrikaans beskikbaar wees.

Die dier uit die see, wat kom met pornografie, die dier uit die aarde wat kom met vervolging, die groot hoer met haar sedeloosheid en verleiding is maar van die maniere wat in hierdie wêreld die duiwel se, mag en werk uitwys en versterk.

***

Laat ons weer mooi nadink oor wat ons belydenis sê – **Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie . . .** Ons kan nie waag om op te hou om hierdie gebed te bid nie – *Lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose* . . . Met vuur moet ’n mens nie speel nie. Die Bose is ’n vuur wat brand. Terwyl ’n mens nog dink, aag, dit is maar nog net ’n klein vlammetjie, in eie krag kan ek die vlammetjie beteuel, dan is dit alreeds te laat. Die vlam word skielik groter, plotseling val ’n mens in die vuur en ’n mens verbrand.

Mag die Here u van die Bose verlos, soos die woordjie dan ook oorspronklik beteken, dat God u met geweld uitruk.

Ons vra vir die Here dat ons alle versoekinge sal vermy om nie naby die vlamme van die lewe rond te stap nie. . . *lei ons nie in die versoeking nie.* Hier moet u nie dink dat die gebed beteken dat God versoekinge oor ’n mens se pad bring nie. Jakobus het ons in vers 13 gelees - *Laat niemand as hy in versoeking kom, sê: Ek word God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie en Self versoek Hy niemand nie. . .*

Om te versoek en om in die versoeking te kom is mos nie dieselfde nie. Baie keer is dit wat mense versoekinge noem, eerder beproewinge. Ja, beproewinge kom van God af, maar versoeking, NOOIT! Die versoekinge waarin ons die Here vra dat Hy ons nie daarin moet laat kom nie, is Satan se versoekinge. God versoek ons nie, want dit sou beteken dat God ons tot sonde probeer verlei. Tog is dit so dat God ons met tye toets, m.a.w Hy laat ons soms in die versoeking kom deurdat Hy die duiwel toelaat dat die duiwel allerhande versoekinge oor ons bring. Daardie beeld vandat die duiwel die sif van my lewe met brute geweld kan begin skud, dit is Satan wat die sif skud, nie God nie, maar Satan word deur God toegelaat om die sif te skud waarin God my toets, my beproef. . . Dit het selfs met Jesus gebeur. Ons het in Matt. 4 gelees : *Toe is Jesus deur die Gees m.a.w. die Heilige Gees weggelei in die woestyn om deur die duiwel versoek te word . . .* Die duiwel sou die sif van Jesus se lewe mat alle geweld skud .

Die duiwel, sonder dat hy dit kan keer, word op die wyse ook in God se diens gebruik. Satan gryp God se toelatings as versoekings, terwyl God dit oor ons laat kom as beproewings. Die verskil tussen versoeking en beproewing bly egter staan. ’n Versoeking kom van die duiwel, ’n beproewing van God. Met ’n versoeking wil Satan die slegte en die sondige in ons laat seëvier. Met ’n beproewing wil God die goeie, die mooie, die edele en die heilige in ons na vore bring en laat seëvier. Met ’n versoeking wil Satan ons afbreek, met ’n beproewing wil God ons bou. Met ’n versoeking wil Satan ons wegtrek van Gog af. Met ’n beproewing wil God ons nader trek na Hom toe en vaster aan Hom bind. Met die gebed *dat God ons nie in die versoeking laat kom nie,* pleit ons dat God nie moet toelaat dat Satan se versoekinge en bose bedoelinge in ons lewe moet oorwin nie, maar wel God se heilige bedoelings, al laat kom God dit met ’n beproewing.

Mag u vanuit die sesde bede die erns van Satan se bestaan en werk begryp. So erg, die lewe in hierdie wêreld, in my eie vlees is ’n slagveld waarin wapens noodsaaklik is. Ons is in ’n stryd. ’n Stryd waarin ons ook met die gebed in die Heilige Gees na God toe kan kom. Ons vra vir God in die gebed om ons in sy Heilige Gees te plaas. Sal God gee dat ons die gebed in sy Gees bid.

In Sagaria 4:6 het die Here al daarop gewys dat dit al manier is hoe ons kan staande bly, is wanneer ons in die Heilige Gees die gebed bid. God praat sy volk in Sagaria te midde van baie vyandskap en teëkanting by die herbou van die stad en die tempel, maar dan sê die Here – *Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare. . .*

As ons so in die Gees bid, dan is daar die wapenrusting wat die Heilige Gees vir ons aantrek. U kan gerus weer Efesiërs 6 gaan lees oor watter wapens die Heilige Gees vir ’n mens in hierdie tyd aantrek. Mag u dit ook in 2015 daadwerklik wil aantrek. Die Gees doen dit daagliks, elke dag in die stilte, sonder ophou . . . ’n vredesverdrag of wapenstilstand is in hierdie stryd nie moontlik nie. En as daar oorwinning is dan oorwin God. Alleen God kan oorwinning gee en God gee aan sy kind die oorwinning met die laaste snik op die sterfbed. God doen dit op grond van die bloed van Christus deur die krag van die Gees.

Terwyl ons nou op hierdie aarde lewe en moet stry, moet oorlog voer, is daardie vier dinge wat u gedurig by die sesde bede vir u moet opstel – (1) U moet u eie swakheid erken. Geen oomblik kan ek op my eie staande bly nie. Simson wat ons gedink het, is so sterk, hy kan maar net die vuur van die sonde speel, die vuur het naderhand die manier om met ’n mens te speel. (2) Tweedens moet nie ophou bid nie. Bid voortdurend vir bewaring. Bid hierdie sesde bede . . . (3) Derdens bestudeer die skrif. Die skrif moet as wapen hanteer word. Hoe kan ons die wapen hanteer as ons die Skrif nie reg ken nie. Die Here sê dan ook in Hosea - *My volk gaan te gronde weens ’n gebrek aan kennis.* Skrifkennis is noodsaaklik. Die duiwel het met die skrif na Jesus toe gegaan en Jesus oorwin hom nie met ’n wonderdaad nie, Jesus oorwin hom met dieselfde Skrif. Jesus kon die Satan elke keer met sy Skrifkennis antwoord met die woorde . . . *maar daar is geskrywe* . . . en toe die duiwel met ’n Bybelteks Jesus wou verlei, toe sê Jesus – *Daar staan ook geskrywe* . . . (4) In die vierde plek moet u aan Christus vasgryp. Christus bid vir u as u die gebed

bid. Hou aan Christus vas. Christus het al vir Petrus gesê – *Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie moet ophou nie* . . . Hy bid steeds vir ons. Mag ons in die geloof met 2015 ophande net aan Christus vashou.

AMEN